UNAM
UNIVERSITY OF NAMIBIA

FACULTY	**EDUCATION AND HUMAN SCIENCES**		
SCHOOL	**EDUCATION**		
DEPARTMENT	**EARLY CHILDHOOD EDUCATION AND CARE**		
SUBJECT CODE	**LAP 3600 Afrikaans Language Education 2**		
DATE	**NOVEMBER 2025**		
DURATION	**3 Hours**	**MARKS**	**100**

FIRST OPPORTUNITY EXAMINATION

Examiner: Ms. E. Potgieter (University of Namibia)
Moderator:

This paper consists of **5 pages** including this cover page.

Instructions

1. **You must answer all the questions.**
2. **Number your questions correctly.**
3. **Write neatly and legibly.**
4. **Always adhere to examination rules.**

UNIVERSITY OF NAMIBIA EXAMINATIONS

Vraag 1

Dui aan of die volgende stellings **WAAR** of **VALS** is: **[15]**

a) Op vyf jaar kan die meeste kinders tydsbegrippe verstaan.

b) By die voorlees van stories is die gebruik van boeke nie so prominent nie.

c) Ouers wat betrokke is by hul kinders se opvoeding en skoolwerk, stel gewoonlik 'n goeie voorbeeld van discipline en hardwerkenheid.

d) Goeie kommunikasie vind slegs deur gesproke en geskrewe woorde plaas.

e) Ouditiewe persepsie is die vermoë om te luister, te verstaan en te interpreter wat gehoor is.

f) Mites is nie deel van 'n volk se orale tradisies nie.

g) Stories wat gereeld gelees word, help kinders om woordeskat te ontwikkel.

h) Woordbetekenis kan deur gebare, prente en kontekstuele voorbeelde ondersteun word.

i) Moedertaal onderrig is nie so belangrik vir die verwerwing van akademiese kennis nie.

j) Diakritiese tekens soos die kappie help ons om woorde korrek in Afrikaans uit te spreek.

k) Oorronding vind plaans wanneer die "a" in "Pa" plat uitgespreek word.

l) Goeie toesprake het duidelike struktuur en goeie styl.

m) Informele assessering het nie enige kriteria nodig nie.

n) Kontekstueel beteken om die kinders se leefwêreld in ag te neem wanneer lesse beplan en aangebied word.

o) Praatvaardighede kan ondersteun word met die gebruik van prente.

Vraag 2

Skryf die word neer wat die onderstaande stelling die beste pas. Kies dit uit die onderstaande blok. Skryf net die word neer bv. 2 (q) groen. **[15]**

Basiese vaardigheid; dekodering; eeu en uu; informele deurlopende assessering; woordeskat; luistervaardigheid; orale tradisie; eeu en ui; kommunikatiewe metode; flenniebord; kultuur; ouerbetrokkenheid; deurlopende assessering; standard uitspraak; boodskap, ouditiewe sluiting, eerste taal

a) 'n Belangrike element in die kommunikasie proses.

b) Verhale, stories en gedigte wat oor geslagte heen oorgedra is.

c) 'n Aktiewe proses wat hoor, interpretasie en begrip insluit.

d) 'n Groot bord gemaak van "foamalite" wat gebruik word om prente uit te stal.

e) Hierdie is baie belangrik wanneer toesprake aangebied word.

f) Die vermoë om ń betekenisvolle sin te vorm waarin sommige klanke of lettergrepe weggelaat is.

g) Hierdie is baie belangrik vir elke kind se skolastiese vordering.

h) Hierdie verwys na die inligting wat tydens kommunikasie oorgedra word.

i) Die algehele versameling woorde waaroor 'n taal beskik.

j) Hierdie metode word aanbeveel by dioe onderrig van tweede taal.

k) Hierdie soort assessering word elke dag in die taalles gedoen.

l) Hierdie is voorbeelde van diftonge in Afrikaans.

m) Dit verwys na die dominante taal van 'n persoon.

n) Hierdie konsep verwys na menslike aktiwiteit en simboliese strukture wat aktiwiteite ondersteun.

o) Die lesdoelwit word volgens hierdie belangrike lesplan element geformuleer.

Vraag 3

Lees die onderstaande rympie en beantwoord die vrae wat volg:

Ek is 'n seun, ek hou van voetbal.
Ek is 'n meisie, my rok het 'n val.
Ek is 'n hond, ek hou van vleis.
Ek is 'n kat, ek hou van vis.
Ons is vier en ons hou van plesier!

a) Dui die **Tema** en **Onderwerp van integrasie** aan waaronder jy hierdie rympie kan gebruik. (2)

b) Formuleer **VYF** vrae volgens die volgende vlakke van Bloom se taksonomie wat gebaseer is op die rympie: **kennis, begrip, toepassing, analise** en **evaluering.** (5)

c) Verduidelik kortliks hoe jy die rympie kan gebruik om Gr. 1 leerlinge se fonologiese bewustheid te ontwikkel. (5)

d) Voltooi die onderstaande kolom in jou antwoordboek om aan te dui hoe jy die rympie sal gebruik om Luister en Reageer vaardighede in die Graad 1 klas te onderrig. (12)

Lesfase:	**Inhoud:**	**Onderwysers handling:**	**Leerling handeling**
Wek en Rig			
Aanbieding			
Toepassing			
Afsluiting			

e) Formuleer 'n lesdoelwit wat gebaseer is op die volgende basiese vaardigheid: (4)

"Herhaal rympies en liedjies".

f) Skryf **TWEE** woorde uit die rympie neer wat 'n diftong bevat. (2)

g) Verduidelik kortliks hoe jy Informele deurlopende assessering sal doen in 'n les gebaseer op die rympie waar jy fokus op praatvaardighede. (5)

h) Hoekom sou jy van rympies, liedjies of stories gebruik maak in luister en praat lesse? (5)

[40]

Vraag 4

a) Bespreek kortliks die kenmerke van 'n goeie toespraak. (10)

b) Skryf 'n kort toespraak oor ń onderwerp van jou keuse. Jou toespraak moet 'n duidelike inleiding, aansluiting, inhoud, samevatting en slot hê.Jou toespraak moenie langer as een en 'n halwe bladsy wees nie. (10)

c) Beskryf kortliks die kommunikasie proses wat sal plaasvind as jy jou toespraak voor 'n gehoor lewer. Dui die elemente van die proses duidelik aan. (10)

[30]

TOTAAL: [100]